POLICY 026/2016 RAADSBELEID

MUNICIPALITY DAWID KRUIPER MUNISIPALITEIT

SUBJECT/ONDERWERP: **AANVRA VAN REGSADVIES**

REFERENCE/VERWYSING: **13.B**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **41/10.2/2016 (SCM)** DATE/DATUM: **26 October 2016**

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad moet soms regsadvies inwin om te verseker dat die korrekte besluite geneem en die korrekte optrede gevolg word.

Die Munisipale Stelselswet, 2000 (Wet 32 van 2000) bepaal in artikel 2 die volgende:

"'*n Munisipaliteit -*

(a) is 'n staatsorgaan binne die plaaslike regeringsfeer wat wetgewende en uitvoerende gesag uitoefen binne 'n gebied wat ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 1998, bepaal is;

(b) bestaan uit -

(i) die politieke strukture en administrasie van die munisipaliteit; en
(ii) die gemeenskap van die munisipaliteit;

(c) funksioneer binne sy gebied ooreenkomstig die politieke, statutêre en ander verhoudings tussen sy politieke strukture, politieke ampsbekleërs en administrasie en sy gemeenskap; en

(d) het 'n afsonderlike regspersoonlikheid wat aanspreeklikheid van sy gemeenskap vir die handelinge van die munisipaliteit uitsluit."

Die Wet bepaal verder in artikel 109 die volgende:

"*Regsverrigtinge -*

(1) ..... [Sub-a. (1) geskrap deur a. 2 (1) van Wet 40 van 2002.]

(2) 'n Munisipaliteit kan enige aksie, eis of verrigtinge kompromitteer of skik, en kan enige aangeleentheid anders dan 'n aangeleentheid waarby 'n beslissing oor sy status, bevoegdhede of pligte of die geldigheid van sy handelinge of verordenings betrokke is, vir arbitrasie voorlê."

Die Raad het nie noodwendig altyd die nodige kundige amptenare in diens nie en moet daar dus derhalwe van eksterne adviseurs gebruik gemaak word om die Raad te adviseer.

RIGLYNE

1. Regsadvies, vanaf 'n eksterne adviseur, mag slegs na aanleiding van 'n besluit van die Raad of met die goedkeuring van die Munisipale Bestuurder ingewin word.

2. Die Raad maak huidiglik van plaaslike firmas gebruik om die Raad van regsadvies te voorsien.

3. Daar word egter van tyd-tot-tyd, waar spesialis inligting benodig word van ander firmas, wat nie noodwendig in Upington gesetel is nie, gebruik gemaak.

4. Ten einde te verseker dat geen firma met die inwin van regsadvies bevoordeel word nie, moet die volgende prosedures gevolg word:

PROSEDURE

1. Indien die Raad besluit dat 'n regsmening of regsadvies oor 'n aangeleentheid ingewin word, lê die Regsafdeling alle tersaaklike dokumentasie aan die Munisipale Bestuurder vir toekenning voor.

2. Indien 'n afdeling van mening is dat daar 'n regsmening of regsadvies oor 'n aangeleentheid ingewin moet word, moet die aangeleentheid aan die Regsafdeling van die Raad voorgelê word.

3. Alle tersaaklike dokumentasie en inligting moet aan die Regsafdeling voorgelê word. Die versoek moet op die vorm aangeheg as Bylae A, saam met die tersaaklike dokumentasie en inligting, ingedien word.

4. Indien die Regsafdeling van oordeel is dat daar van 'n eksterne adviseur gebruik gemaak word, word die aangeleentheid na die Munisipale Bestuurder verwys vir toekenning.

5. Indien die Munisipale Bestuurder van mening is dat spesialisinligting benodig word, kan die Munisipale Bestuurder 'n ander firma, wat nie noodwendig in die Raad se regsgebied gesetel is nie, aanwys om die Raad van hulp te wees.

ROLLE

Raad.
Munisipale Bestuurder.
Regsafdeling.

VERWANTE BELEID

Beleid op Regsverteenwoordiging.

MUNISIPALITEIT DAWID KRUIPER

AANVRA VAN REGSADVIES

(Moet deur die betrokke Direktoraat voltooi word)

DATUM:

Regsadvies word oor die volgende benodig: (Gee ‘n kort beskrywing van die aangeleentheid)

Die afdeling het fondse beskikbaar indien regsadvies ekstern aangevra moet word:

JA	NEE

Die volgende dokumentasie is hierby aangeheg:

_____ _____

AANVRAER: AFDELINGSHOOF DIREKTEUR

VERWYS VIR EKSTERNE ADVIES

FIRMA: _____ _____

MUNISIPALE BESTUURDER